Geopende Deure NUUSBRIEF

Een geloof. Verskillende lewens.



**UITGAWE 4**

Opdatering: Apo en Jina van Sirië, bl. 2-3 • Briewe aan die volgende generasie, bl. 4 • Daniela se brief uit Colombië, bl. 5 • Laat hoop seëvier dié Kersfees, bl. 6 • Testamente laat ŉ nalatenskap van hoop agter, bl. 7

OPDATERING



# HOOP BLY LEWENDIG IN DIE MIDDE-OOSTE – DANKSY JOU

Apo en Jina, Sirië.

ꞌn Paar jaar ná ons eerste ontmoeting met Apo en sy ma, Jina, het ons onlangs teruggekeer om by hulle te gaan kuier en uit te vind hoe dit met hulle gaan. Ons het saam na een van die Sentrums van Hoop in Sirië gegaan, waar ons gekyk hoe Apo (nou 10) agter ꞌn bal aanhardloop en saam met die ander seuns sokker speel.

Apo het sy pa nege jaar gelede verloor toe dié deur ekstremiste ontvoer is terwyl hy op ꞌn werksreis in Sirië was – dit alles omdat hy ꞌn Christen was. Hy het nooit teruggekeer nie en sy liggaam is ook nie gevind nie. Jina word volgens die Siriese wetgewing nou amptelik as ꞌn weduwee geklassifiseer.

Ons het met Apo probeer praat, maar hy was so uitbundig en het gesukkel om stil te sit. Ons het dit wel reggekry om hom te vra wat hy van Kersfees onthou. Soos só baie kinders regoor die wêreld, onthou Apo sy geskenk. ***"Ek het ꞌn viertrekvoertuig-speelding met ꞌn afstandbeheer gekry wat teen mure uitklim en ꞌn vliegtuig,"*** vertel hy opgewonde.

***"Dit is waarvan ek die meeste van Kersfees hou – daar word geskenke uitgedeel."*** Miskien sal hy eendag, soos wat hy in sy geloof groei, ervaar dat die grootste geskenk dié een is wat God gegee het deur Sy Seun na die aarde te stuur omdat Hy só lief vir ons is.

Terwyl hy voortgegaan het om oor Kersfees uit te brei, het hy gestop en sy hartswens met ons gedeel: ***"Ek wens opreg dat Kersfees moet aanbreek."***

Voordat ons hom enigiets anders kon vra, het Apo oorgeskakel na onderwerpe wat hom baie ná aan die hart lê. ***"Ek speel basketbal, sokker teen ander spanne, word soms deur die afrigter geskool en kry ook swemlesse."***

Dit was hartroerend om die kinders se gelag by die Sentrum van Hoop se speelgrond te hoor weerklink. Dis moeilik om te dink dat al dié spruite tydens ꞌn oorlog grootgeword het – ꞌn chaotiese omgewing waartydens hulle die verskriklikste dinge rondom hulle kon ervaar óf selfs dit wat met hul eie families gebeur het, soos in Apo se geval.

Ongeag van al die konflik en omwenteling, kan ons God steeds prys omdat Apo, Jina en baie ander soos hulle danksy jou ondersteuning steeds hoop koester. Behalwe vir geestelike bystand, ontvang Jina ook kospakkies en winterbrandstof by die Sentrum van Hoop in Aleppo. Hier woon Apo Bybelstudiegroepe vir kinders by en Jina word selfs opgelei om as ꞌn skoonheidskundige te werk.

**"Hoe sou 'n weduwee kon oorleef sonder die hulp wat julle verskaf ?" sê sy. "Julle het my gehelp om dié werk te kry en hiervoor wil ek julle uit die diepte van my hart bedank. Ek bid dat God julle sal seën en nuwe deure sal oopmaak om aan te hou om ons in Sirië te help," sê Jina.**

Baie dankie dat jy ons familie in die Midde-Ooste ondersteun. Weens jou volgehoue bystand hoef hulle nie weg te trek nie en kan hulle aanhou om ꞌn lig vir Christus te wees. Jy bring hoop vir die Midde-Ooste!


EEN MILJOEN GEBEDE VAN HOOP

Sluit by ons aan deur ons wêreldwye ***Een Miljoen Gebede van Hoop***-inisiatief, terwyl ons vervolgde familie in die Midde-Ooste herinner dat hulle nie alleen staan nie. Teken in by www.makehopelast.org om saam met ons te bid en hoop te laat voortduur.



Skandeer om te bid.



# Amal أمَل

## – 'n vooruitstrewende hoop

ŉ Paar weke gelede het ek die geleentheid gehad om die Midde-Ooste te besoek en tyd deur te bring saam met jong gelowiges vanuit gemeenskappe wat oorlog, vervolging en ekonomiese onstabiliteit verduur het. Saam met ander jong gelowiges van regoor die wêreld, het ons die betekenis en belangrikheid van hoop ondersoek.

Ek het geleer dat hoop in Arabies twee betekenisse het. Een is die verwagting gegrond op onlangse gebeure: **Rajaa** رجاء ("Ek hoop dit reën vandag"). Die ander is die versekerde, langtermyn en vooruitstrewende verwagting van die onsigbare: **Amal** أمَل ("Ek hoop op ŉ beter toekoms vir my kinders").


Hoop word die aardse word vermors, maar hoop wat gebou is op geloof en versekering skep ruimte vir groot verandering en ŉ rewolusie om plaas te vind. Ons hoop vir die Midde-Ooste is **Amal** أمَل, ŉ vooruitstrewende langtermyn- verwagting vir volgehoue verandering in hierdie pragtige streek. Vir ŉ ewige helder lig en geankerde hoop vir die vooruitgang van gelowiges in dié lande. En Geopende Deure werk saam met Christene om te verseker dat hierdie hoop blywend is, sodat dit aktief en vooruitstrewend van een generasie tot die volgende sal wees.

Watter tipe hoop sal jy uitspreek vir die Kerk in die Midde-Ooste? Wees deel van ons visie om hoop te laat voortduur en verenig saam met gelowiges van regoor die wêreld in gebed vir die Midde-Ooste. Skandeer die QR-kode op bladsy 3 van jou nuusbrief om jóú lig te voeg by die Een Miljoen Gebede van Hoop-inisiatief.









"Dankie vir alles wat julle vir my gedoen het." – Daniela

In 2020 het ons die verhaal van Daniela met julle gedeel. Haar pa, pastoor Plinio, is weens sy bedieningswerk in Colombië vermoor. Hy was ŉ bedreiging vir die dwelmbase en rebelle in die land. Daniela het ŉ brief aan Geopende Deure geskryf waarin sy ons vennote vir hul ondersteuning bedank.

Hallo

My naam is Daniela, ek is 12 jaar oud en woon in Colombië. Ek dank God en elkeen van julle vir alles wat julle vir my, my broer en my ma gedoen het.

Ek was by die Kindersentrum om Kersfees te vier en ons familie het goed gevoel toe ons daar was. Dit was ŉ eer om met almal te deel en om te weet dat hulle omgee en bid – nie net vir ons nie, maar vir kinders regoor die wêreld.

Ons het vanjaar hulp ontvang om in ŉ nuwe huis in te trek. Die huis is eenvoudig en ek hou daarvan.

Ek het nie woorde om my dankbaarheid uit te spreek teenoor almal wat vir ons bid nie. Ek wil aan dié wat vervolging ervaar, sê dat ons God getrou is en ons ten alle tye help.

Daniela




# LAAT HOOP DIÉ KERSFEES SKYN

Kinders en jongmense, nou eers aan die begin van hul reis met Jesus, is net soveel teikens van vervolging as grootmense. Dit alles het ŉ impak op hul geloof en selfbeeld. Hulle wonder en vra: Waarom ly ek ter wille van Christus en is Hy dit werd?

Die enigste manier waarop hulle in die aangesig van vervolging kan volhard, is as ons in hul geloof belê en ondersteuning bied om ŉ stewige verbintenis met hul Redder te vestig.

Ons wil dié Kersfees hê dat die volgende generasie moet weet dat hulle ŉ liefdevolle familie in Christus het wat hulle ten alle tye onderskraag.

**Jy kan vandag ŉ verskil maak in die bestaan van toekomstige geslagte deur in die volgende generasie van die Kerk te belê:**

| | | |
|---|---|---|
| **R240** kan twee kinders van geskenke en vir die gesin ŉ kospakkie voorsien. | **R460** kan vier kinders of jeugdiges na ŉ Christelike kamp stuur. | **R1 060** kan ŉ Christen-kind help om skoolonderrig te kry. |




**Nuwe *Geskenke van Hoop*-katalogus nou beskikbaar**

Gee ŉ geskenk wat sal help om ons vervolgde familie in hul donkerste uur te bemoedig. Hou die vlam van hoop brandend in die lewens van ons vervolgde familie deur jou ***Geskenk van Hoop***, nou op ons webtuiste beskikbaar by www.opendoors.org.za.

Skandeer om te gee.



# Ons is dankbaar vir die nalatenskap van hoop wat deur ons getroue vennote agtergelaat word

**Die meeste mense laat ŉ testament agter om te verseker hul families is versorg wanneer hulle sterf. As Christene is ons bevoorreg dat ons familie miljoene gelowiges regoor die wêreld insluit, waarvan sommiges gelei voel om ons vervolgde familie by hul nalatenskap te onthou.**

**By Geopende Deure is ons dankbaar teenoor ons vennote wat aanbeweeg het na die ewigheid en aan ons bedieningsorganisasie ŉ geskenk in hul boedel gelaat het. Ons eer en onthou die aansienlike impak wat hulle in die lewens van ons vervolgde familie gemaak het in 2022:**

MJ Myburgh
CMV Bruwer
AJVW Swart
AS Smit
S Strydom
WG Meyer
SC Cloete


Te danke aan ons getroue vennote kan ŉ Colombiaanse gelowige, Francisco, sy dogter, Valentina, na die Geopende Deure Kindersentrum stuur vir veiligheid terwyl hy vir sy geloof vervolg word.

## Valerie se nalatenskap

Valerie het haar nalatenskap bemaak om die bediening se werk onder ons familie voort te sit. ***"Hoewel my lewe nie altyd maklik is nie, ervaar vervolgde Christene regoor die wêreld veel erger dinge. Mense word ontvoer, in tronke gegooi en selfs weens hul geloof vermoor. Tog bly hulle sterk staan en weier om Jesus te verloën. Hierbenewens lewer Geopende Deure deurlopende bystand en help hulle om te groei."***

***"Die vervolgde Kerk het al die hulp nodig wat ons hulle kan bied. Dit gee my ontsettende gemoedsrus om te weet dat Geopende Deure die geld wys en biddend sal aanwend."*** Vir meer inligting oor ŉ nalatenskap vir Geopende Deure, epos southafrica@od.org.

# Vanuit die hart



Beste vennote en vriende

Hoewel die Kersfeesvieringe te veel gekommersialiseer word, as vanselfsprekend geneem word of besiger raak soos wat mense rondjaag ter voorbereiding vir die feestelikhede, bid ek dié jaar dat Adventstyd vir elkeen van ons ŉ seisoen van doelbewuste aanbidding en viering van Emmanuel – God met ons – sal wees.

Dié is die laaste nuusbrief vir 2022. Dis ŉ voorreg om oor die afgelope jaar terug te kyk en erkenning te gee aan die Here vir Sy getrouheid, aan ***júlle***, ons vennote. Dankie dat julle reageer op ons gebedsversoeke, ondersteuning, geleenthede om gebeure aan te bied en om saam met ons te reis. Jullle het ŉ positiewe impak gemaak op baie lewens in ons geloofsfamilie.

Dit is bemoedigend om die terugvoer te lees van dié wat danksy vorige jare se Kersfees-veldtogte en geskenke versterk is om ŉ lig in hul gemeenskappe te bly. Dankie dat jy deur die jare ŉ deel hiervan was en steeds is.

Alvorens die jaar eindig, is daar nog een belangrike onderwerp wat deur ons jaareindveldtog onder ŉ vergrootglas geplaas moet word: Om die welstand te verseker van kinders wat in plekke bly waar dit gevaarlik is om Jesus te volg. Kinders is een van die kwesbaarste groepe wanneer vervolging plaasvind – ŉ radikale aksie wat aan isolasie en identiteitsvorming gekenmerk word. Die uitwerking van vervolging kan ernstig en langdurig wees.

Dit is van kardinale belang om verbind te wees aan ŉ plaaslike kerk en gemeenskap waar hulle bekend, geliefd en beskermd is. Jou ondersteuning aan Geopende Deure se vennootskappe met plaaslike kerke en gemeenskapsorganisasies verskaf dié verbintenis. Oorweeg dus asseblief om dié Kersfees by ons aan te sluit om hoop in hul lewens lewendig te hou.

Vrede Lynette

**Lynette Leibach**
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika

**Geopende Deure**

I www.opendoors.org.za
T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org 064 867 4730
Posbus 1771, Cresta, 2118

Vervolg Maar nooit alleen.

Bankbesonderhede: Suid-Afrika,
**Geopende Deure - Open Doors NPC, Mercantile Lopende Rekening (450105), Rekeningnr. 1051 1501 32**
**Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: Namibië, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.
Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org.
REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho